Ek dink u mis die punt. Die vraag is, hierdie idee dat die staat hierdie goed moet installeer in die huise sonder dat julle moet betaal op staatskostes is bespreek en besluit op DUCA se vergadering? -- Ek stem nie saam met u nie, want met die ander lokasies was dit gedoen, net soos ek sê, (10) byvoorbeeld KwaThema en Daveyton. Dit is mooi plekke, dit is dorpsgebiede daar. Dit was van die begin af so gedoen. Die mense het net die huur begin betaal en die gebruik van die water en die elektrisiteit.

Het u op die vergadering van DUCA waar u was - het julle besluit dat julle is nie bereid om te betaal vir die installering van hierdie dienste nie? -- Nee, nee, dit was nie DUCA se vergadering gewees toe dit bespreek was nie. Dit was die raadslede se vergadering waar dit bespreek is.

Sedert 1964 stem u saam het u salaris en dié van u (20) man tot die datum van sy afsterwe baie vermeerder? -- My man is nie oorlede nie.

Ekskuus, laat ek so vir u vra. U inkomste en u eggenoot se inkomste sedert 1964 het baie vermeerder? -- Nee, ons het nie 'n goeie inkomste gehad nie. Ons het gesukkel om in staat te wees om hierdie huis te kan bou waarin ons nou nog bly, nie dat ons 'n goeie inkomste gehad het nie.

Wat was u inkomste in 1964? Kan u nog onthou? -- So vaag, ja. Ek dink £22. Dit was nog in die ponde se tyd, nie waar nie? (30)

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Per maand, per week? -- Per maand.

MNR. FICK : En wat is dit nou? -- Ek werk nie no nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Dit was toe rand, dit was nie pond nie.

HOF : In 1964 was dit nie pond nie? -- Dit was R22,00.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : R22,00 per maand.

MNR. FICK : Het u geen inkomste op die oomblik nie? -- Waarvandaan?

HOF : U het van werk verander onlangs. Wat was u laaste salaris ongeveer? -- Ons is ontslaan omdat daar nie meer (10) werk was nie.

Ja, wat was u laaste salaristjek? -- R99,00 per week.

Dit was verlede jaar.

MNR. FICK :

Dan laastens oor hierdie aspek wil ek aan u stel, wil u werklik vir die hof sê u het verwag om so 'n salarisverhoging van R22,00 per maand na R99,00 per week te kry, u sit in 'n huis wat u R7,30 voor betaal het in 1964, maar u wil al die dienste by hê en u wil nie meer betaal daarvoor nie? -- Nee, nee, ek woon nie meer in die huis van die administrasieraad nie. In daardie tyd wat ek R22,00 verdien het, (20) was ek besig om 'n huis te bou. Ek het dus daardie huis van die raad ontruim.

HOF: Wanneer is u uit die raad se huis uit? -- In 1966.

Maar woon u nog in Duduza? -- Ja, net buite Duduza.

Dit was 'n oop stuk veld waar ek 'n huis gebou het.

Maar dan het u nie die emmersisteem daar nie? -- Nee, toe ek die huis daar gebou het, het ek op my eie 'n septiese tenk laat maak.

En water? -- Ek het daarvoor betaal om die waterpype te lê tot by my huis.

(30)

So/...

So, vanaf 1966 het u water? -- Ja.

Is daar dele van Duduza wat elektrisiteit het? -- By die ou Duduza is enkele huise wat 'n mens kan tel wat elektrisiteit het. Sekere mense wat daarvoor betaal het, maar die nuwe gedeelte van die lokasie is die gedeelte met die elektrisiteit.

So, dié wat betaal het, het elektrisiteit gekry in die ou lokasie? -- Ek weet eintlik nie wat die posisie is nie, maar wat ek wel kan sê is dat die meeste mense met elektrisiteit is die mense wat raadslede is. Ek kan vir die hof sê (10) ek het self na die kantore toe gegaan om te gaan vra of daar nie krag na my huis toe gelê kan word nie. Al wat aan my gesê is was dat ek is te ver van die substasie waarvandaan hulle die kabel kan trek tot by my huis.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Op wie se grond woon u? Dit is nie vir my duidelik nie. U sê buitekant Duduza, hè? -- Nee, ek is nie heeltemal buite Duduza nie. Langsaan die huis wat ek gehuur het van die raad, dit is die vier vertrek huis, was daar 'n oop stuk veld gewees. Dit is waar ek 'n huis gebou het van my eie. Dit is waar ek woon. (20)

Maar wie se grond is dit? -- Dit is 'n moeilike vraag vir my om te antwoord. Die grond is die Here s'n. Ons woon almal op die grond.

HOF : Nee, maar wag so 'n bietjie. So maklik is dit nie. Betaal u huur vir die grond? -- Ja.

Nie aan die Here nie, neem ek aan? -- Ek betaal by die kantoor.

Van? -- Die kantoor in die administrasie. Dit is die Oos-Rand Administrasieraad.

Wat betaal u? Watter bedrag? -- Dit is R17,20 plus (30) water/...

water. Dit word afsonderlik betaal.

Dus 'n mens kan seker aanvaar dit is die administrasie-raad, soos u dit noem, se grond? -- Ja.

Ek was onder 'n totaal verkeerde indruk toe u hoofgetuenis gelei is. Laat ek nou net duidelikheid kry. Ek het die indruk gekry dat die hele Duduza het 'n emmersisteem, die hele Duduza het geen elektrisiteit nie, al die paaie is modderig en daar is geen water in die huis nie en dit alles tot 1986. Kan u nou net 'n bietjie vir my beduie of daardie indruk reg is of nie? -- Die hof is reg. Die hele tyd was (10) dit reg gewees. Duduza het die emmersisteem gebruik die hele tyd en die water het mense by die straat gaan kry.

Die hele Duduza? -- Ja, die hele Duduza.

Tot wanneer? -- Tot in 1986. Dit is wanneer die "sewerage" vir die eerste keer begin het.

Maar ek het dan van u verstaan dat daar dele is waar huise met aangelegde water, met elektrisiteit verskaf is aan nuwe huurders? -- Ja, dit is die nuwe lokasie wat nou net begin het.

Wanneer het hy begin? -- As ek nie verkeerd is nie (20) dit laat verlede jaar wat hulle klaar was daarmee.

MNR. FICK : U het gesê party, of die meeste van die mense wat daar in die ou deel van Duduza bly wat water en elektrisiteit het, is raadslede. Is daar ook privaat mense wat water en elektrisiteit het in Duduza?

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : U bedoel nie raadslede nie?

MNR. FICK : Nie raadslede nie? -- In 'n tydperk van drie jaar, ek dink van die begin van 1981 of 82 daar rond, is daar van die mense wat nie raadslede was nie, wat eie huise gebou het en toe die kabel gekry het en die elektrisiteit en water in (30)

die/...

die huise.

Net ja of nee, weet u of die raadslede wat water en elektrisiteit gekry het betaal het vir hierdie installering van die elektrisiteit en die water? -- Nee, ek weet nie.

Dan wil ek by u weet waarom het u vir hierdie hof loop sê terwyl u nie weet wat die agtergrond is nie, dat raadslede kry voorkeur behandeling? -- Ja, dit het ek gesê omdat ek gaan vra het daarvoor, maar ek kon nie daardie kabel kry nie. Ek kon nie die elektrisiteit na my huis gekry het nie.

Wat se bewyse het u dat hulle voorkeur behandeling (10) kry? Hulle sit in die ou deel van Duduza, u sit in die nuwe deel, ver van 'n substasie af op daardie stadium? -- Nee, ek is in die ou gedeelte van Duduza. In dieselfde straat waarin ek is, 'n entjie ondertoe is die substasie. Daar is 'n persoon wat nie ver van my af is nie in dieselfde straat wat die krag gekry het, die kabel gekry het.

HOF : Is hy 'n raadslid? -- Hy was 'n raadslid gewees.

MNR. FICK : Wanneer het hy die krag gekry en wanneer het u gevra vir die krag? -- Kort na mekaar verlede jaar het ek die persoon gaan vra vir die kabel. Die persoon wat die pype (20) en die bedrading gedoen het in daardie man se huis, is dieselfde persoon wat dit vir my ook gedoen het en onmiddellik dieselfde tyd het ons gaan vra. Hy het dit gekry, maar ek het dit nog nie gekry nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Is daar beplanning dat u dit sal kry? -- Toe ek gaan vra het, het ek vir die mense gevra hulle moet vir my die plek kom afmeet, hoeveel meters dit sal wees om die kabel te kry vanaf die substasie na my huis toe. Die antwoord was ek moet wag vir die nuwe gebied wat gebou gaan word agter my. Na hulle dit gedoen het, eers (30)

nadat/...

nadat daardie gebied elektrisiteit gekry het, sal ons dan daarvandaan die kabel kry hiernatoe.

MNR. FICK : Is dit nie dat u dan sal deel uitmaak van 'n heeltemal nuwe installeringsopset en daarom kan u dit nie van die ander plek af kry nie? -- Dit is die antwoord wat ek gekry het toe ek gaan vra het dat ons by die ou gedeelte sal moet wag tot tyd en wyl die nuwe gedeelte gebou is en klaar die bedrading gekry het, dan sal ons eers die krag kan kry van anderkant af.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

(10)

K1240

ZODWA LETHINA THOBELA, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Mev. Thobela, is dit reg so dat die raadslede self het ook in hierdie modderige strate gebly waar u gebly het? -- Ja.

En is dit ook reg dat sommige van die raadslede bly nog steeds in huurhuise en anderde het hulle eie huise loop bou soos wat u gemaak het? -- Ja, die posisie is dat van hulle nog in dieselfde tipe huise bly as wat ons gehuur het. Van hulle het verbeterings aangebring aan daardie huise wat ons gehuur het. Dan is daar van dié wat huise gaan bou (20) het.

En is dit nie ook so nie, dit is nie net raadslede wat elektrisiteit en riolering gekry het in die ou deel van Duduza nie, maar selfs die predikante het ook riolering en water gekry? -- Ek stem saam. Op die huidige oomblik het almal dit nou, maar wat die predikante betref destyds, die huis behoort aan die kerk. Dit is die gemeente se huis en as 'n predikant by die huis intrek, dan vind hy dat daar elektrisiteit is in daardie huis.

Maar die punt wat ek wil maak is, toe raadslede (30)

elektrisiteit/...

elektrisiteit en riolering en water en die goed, toe het van die predikante dit ook gekry. Dit is nie net raadslede wat dit gekry het nie? -- 'n Ding waarvan ek gepraat het wat deur sekere mense gekry was, is die elektrisiteit. Wat die "sewerage" betref, het almal dit gekry.

Net om duidelik te maak. Toe die raadslede die elektrisiteit gekry het, het die predikante dit ook gekry? -- Ja, van die predikante se huise het wel elektrisiteit gekry, maar van hulle het nou eers verlede jaar dit gekry.

Kan u sê of kan u nie sê nie, of dit so dat die predi-(10) kante, hetsy die predikante self of die kerk en die raadslede moes betaal vir daardie elektrisiteit toe dit geïnstalleer is? -- Ek kan saamstem, ja, want dit is die gemeente wat veronderstel is om die elektrisiteit te laat installeer in die huis van 'n predikant.

Ek wil nou oorgaan na die vergaderings wat u sê wat deur DUCA gehou is in 1982. -- Ja.

In 1982, die eerste vergadering wat u bygewoon het wat DUCA gehou het, was DUCA op daardie stadium 'n sterk organisasie in Duduza? -- Ja, ek kan saamstem daarmee. (20)

Het hy baie lede gehad? -- Ja.

U man of uself, was u op die bestuur van DUCA? -- Nee.

Was u man 'n sterk ondersteuner van DUCA? -- Ja.

Maar dit was nie altyd so nie. Hy was nie altyd 'n sterk ondersteuner van DUCA nie? -- Die ondersteuning wat ek van praat is dat hy die vergaderings van DUCA bygewoon het, nie in die sin dat hyself betrokke was met DUCA nie.

Is dit nie so nie dat u man het gestaan as raadslid maar toe val hy uit? -- Dit was so gewees.

BHF : Laat ons net die datum kry. Wanneer was dit? -- (30)

Ek/...

Ek kan nie onthou of dit in 1983 of 1982 was nie. Ek is nie seker nie.

MNR. FICK : Was die groot verkiesing van raadslede in 1983 in Novembermaand? -- Ja, dit was in daardie tyd.

En die persoon wat u van gepraat het, mnr. Mthethwa wat op 'n latere vergadering was, hy het teen u man gestaan en hy is toe verkies?

HOF : Het daar so 'n persoon teen u man gestaan? -- Ja.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Is sy voornaam Agrippa? -- Ja.

MNR. FICK : En is dit nie so nie dat nadat jou man verloor(10) het as kandidaat in die raadsverkiesing toe het julle meer begin belangstel in DUCA? -- Op die tydstip van die verkiesings het DUCA alreeds bestaan en dit was sterk gewees in daardie tyd.

Nee, wat ek sê is, is dit nie so nie dat u en u man het meer begin belangstel in DUCA se doen en late nadat u man verloor het as raadslidkandidaat? -- Nee, ek stem nie daarmee saam nie.

Is dit nie so nie dat toe jy en jou man sien julle kan nie saam met die raad praat nie, toe gaan werk julle teen (20) die raad? --Nee, ek stem nie daarmee saam nie.

U het vir die hof gesê dat u het die vergaderings van DUCA bygewoon in 1982? Maar is dit nie so dat DUCA eers gestig is in Oktober 1983 net voor die verkiesings van die raadslede nie? -- Nee, op daardie tydstip het DUCA alreeds lank bestaan. Eintlik die doel dat my man na die raadslede toe gegaan het om te staan as 'n kandidaat, is omdat hy daar wou gewees het sodat hy kon sien wat word eintlik daar gedoen.

Ek wil u verwys na BEWYSSTUK C99 volume 6. Dit is 'n dokument gevind by UDF Johannesburg en met die opskrif (30)

"Report on civic workshop." Hierdie dokument het geen datum wat ek kan opspoor nie, maar hy is ooglopend na 1984 of gedurende 1984 opgestel. Nou wil ek hê u moet kyk na bladsy 2, dan sal u sien daar op die tweede paragraaf "Duduza civic" en dan staan daar "Formed in October 1983." Sien u dit? -- Ja, ek sien dit.

Sê u nog steeds u was in 1982 by 'n DUCA vergadering? -- Ek sê nog steeds so, ja. Dit kan wees dat in hierdie tyd praat hulle van die stigting van die komitees van DUCA, maar DUCA self het lank bestaan voor hierdie tyd. (10)

U het vir die hof vertel dat in 1982 was DUCA al 'n sterk organisasie, maar ek lees hiervan dat hulle sê "At that time people were not ready for the organisation. This has now changed and we are issuing new membership cards." Dieselfde bladsy dieselfde paragraaf. Wat sê u nou? -- Ek stem nie saam met u nie. Ek sal lievers sê ek weet nie, want wat ek wel van weet is dat by die fabriek waar ek werksaam was, het ons die lidmaatskapkaarte gekoop van DUCA van die mense wat saam met ons gewerk het wat besig was om DUCA te organiseer. (20)

Ek verstaan nou glad nie wat u sê nie. Wanneer was dit? -- Dit was in 1982 waarvan ek praat.

Wanneer in 1982? -- Ek weet nie wat die datum was nie, maar dit was daar naby die einde van die jaar.

Was dit nie 'n geval van hulle het probeer om so 'n organisasie op die been te bring, want daar was nog nie so 'n organisasie nie? -- Dit is presies so dat hulle besig was om te organiseer, want hulle het mense bymekaar gekry en toe aan die mense gesê dat hulle besig was om DUCA te stig en toe het hulle aan ons verduidelik wat alles te doen het met (30)

DUCA/...

DUCA, wat se pligte DUCA sal moet uitvoer.

In hierdie selfde paragraaf in C99 lees ek - wanneer hierdie verslag ook al opgestel is en dit moet in 1984 as 'n mens na die eerste bladsy kyk want daar rapporteer hulle oor goed wat in 1984 gebeur het. Daar word gesê in paragraaf 2 dat DUCA het nog net 'n interim komitee gehad. Hy het nie eers 'n bestuur gehad nie? -- Wat bedoel u met 'n interim komitee?

Daar was nie 'n bestuur nie. Dit was nog 'n interim, tydelike komitee wat die ding gereël het? -- Ja, ek stem saam.(10) Die persone wat daar betrokke was, was mense wat georganiseer het. Ek sê nie dat die die bestuurskomitee was nie wat besig om te organiseer nie of dat ek sê dat daar 'n bestuurskomitee bestaan het nei.

HOF : Weet u of daar ooit 'n bestuur gekies is op 'n algemene vergadering? -- Nee, daardie vergadering kon ek nie bywoon nie.

Weet u van so 'n vergadering? -- Ja, waar die voorsitter en die sekretaris verkies was.

En wanneer was dit? Kyk, u het vir ons vertel van twee(20) vergaderings. Waar staan dit in verband met die twee vergaderings? -- By die eerste vergadering wat ek bygewoon het, was ek nie betyds gewees nie, ek was 'n bietjie laat. Toe ek daar aangekom het, het die vergadering alreeds begin. Dit is by daardie vergadering waar ek vasgestel het dat die persone alreeds gekies was, want die persone het op hulle plekke nou daar gesit. Ek het net nie gehoor toe hulle voorgestel was of dit nou die posisie was nie.

MNR. FICK : U weet nie of dit die interim komitee is wat u nou van praat nie? -- Miskien is dit so, ja. (30)

HOF/...

HOF : Het u ooit van 'n vergadering gehoor wat hulle die "launch" noem? -- Nee, ek het nie gehoor nie.

MNR. FICK : Dan wil ek gaan na die algemene aspek wat u aangehaal het naamlik die begrafnisondernemersbesigheid wat u man wou begin het. Is dit reg, al wat u oor hierdie ding weet is wat u man vir u gesê het? -- Ja.

HOF : Maar dit was in die vroeg sewentiger jare? -- Ja.

Was daar toe al raadslede? -- Ja, daar was verteenwoordigers van die woonbuurt.

Op wat het hulle julle verteenwoordig? -- Die mense (10) wat ek na verwys as verteenwoordigers was ook verkies gewees. Daar was 'n verkiesing gehou waar hulle toe op die plek gekies was.

MNR. FICK : U het ook getuig oor 'n vergadering wat die raadslede in 1983 sou gehou het? -- Ja.

Is dit nie so dat die raadslede het inderdaad vir u by hierdie vergadering gesê "Kyk, ons het gaan advies inwin by kundige mense oor wat en hoe hierdie dienste wat u graag wil hê geïnstalleer moet word, waar die geld daarvoor vandaan kom en toe het hulle teruggekom na ons, naamlik die (20) administrasieraad en vir ons gesê as ons dit uitgewerk het gaan dit R9,00 per huishouding kos om hierdie dienste te installeer en dit moet julle vir die mense gaan sê." -- Die spreker wat dit bekend gemaak het aan ons van wat die doel was en hoekom die geld verhoog moet word, het dit breedvoerig verduidelik. Dit is korrek. Die persoon het gesê dat hulle navorsing gedoen het en was by verskillende plekke gewees. Hulle kon nêrens geld kry as 'n lening nie, met die gevolg dat hulle besluit het dat dit op hierdie manier gedoen kan word.

(30)

En/...

En enige indruk wat u hoofgetuenis kon geskep het dat hulle sou opgetree het as "puppets" van die administrasie-raad is verkeerd. Dit is nie wat u probeer sê het nie? -- Nee, daar was geen naam waarop hulle genoem was nie. Al wat ek sê is dat hulle kon nie dit wat ons gevra het doen vir ons nie. Dit beteken dus nie dat hulle nou "puppets" is nie.

Die volgende vergadering waарoor u getuenis gegee het is die vergadering van Januarie of Februarie 1985 en wat 'n DUCA vergadering was? -- Die inwoners as geheel was almal daarvan bewus dat die raadslede sê dat die witmense sê (10) daar is nie geld nie. So, met ander woorde, daar was niemand gewees wat dit aan die gemeenskap genoem het nie, omdat dit alreeds bekend was.

Wie het op hierdie vergadering voorgestel dat die nag-emmers moet uitgegooi word? -- Dit was een van die inwoners wat dit gesê het

'n Man of 'n vrou? -- Dit was 'n vroumense.

Was sy soos dit vir u gelyk het op die bestuur van DUCA? -- Nee.

Was daar jeugdiges op hierdie vergadering ook? -- Ja (20) maar hulle het daar buite gestaan.

Het hulle nie deelgeneem aan die vergadering nie? -- Die vertrek was vol gewees van ouers. Daar was dus nie plek gewees vir kinders om in te kom nie.

As ons nou praat van kinders, kan u vir die hof sê of daar onder die jeugdiges COSAS lede was? -- Nee, ek sê net wat 'n kind was daar was buitekant. Nie een kind het iets te sê gehad daar nie.

Het die bestuur van DUCA saamgestem met die besluit? -- Nee, hulle het nie saamgestem nie. (30)

HOF : Wat het hulle gesê? -- Net na die voorstel gemaak was is die kerkgebou toe onmiddellik verlaat. Die bestuur van DUCA het daar gestaan en was verbaas oor wat gebeur het.

MNR. FICK : Verstaan ek u reg dat die groot mense, die volwassenes - die vrou het die voorstel gemaak en die volwassenes het saamgestem en toe is almal net daar uit die vergadering uit? -- Dit is wat gebeur het, ja.

Hulle het dit toe gaan doen, die nagemmers gaan uitgooi?
-- Ja, dit het gebeur.

Verstaan ek u reg, die vrou het gesê "Kom ons moet dit (10) nou gaan doen" en toe staan almal op en hulle gaan dit doen?
-- Dit het gebeur. Kyk, 'n ding wat gebeur omdat mense kwaad is, enige ding kan gebeur al was dit nie die bedoeling dat dit moet gebeur nie, maar dit het gebeur.

HOF : Het u en die bestuur toe alleen agtergebly? -- Ek is saam met hulle uit en het reguit huis toe gegaan.

MNR. FICK : Het die bestuur nie eers probeer keer nie? -- Hulle het probeer keer, maar hulle het nie daarin geslaag nie.

Hoe het hulle probeer keer? -- Hulle het by die teer (20) en probeer keer en gesê "Wag, sit julle, laat ons nog 'n bietjie verder oor die ding praat." Die mense het net uitgeloop. Daar is dubbeldeure daar. Die mense het net uitgegaan.

Ek stel dit aan u u getuenis oor hierdie vergadering is net so vals as oor die vergaderings wat u in 1982 sou bygewoon het van DUCA. -- Nee, ek stem nie saam nie.

Want u sien in volume 116 op bladsy 5 821 is heeltemal 'n ander weergawe gestel aan die staatsgetuies waarop hulle moes antwoord. Daar is gestel dat gedurende die vergadering (30)

het/...

het 'n dame in die gehoor voorgstel ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Mnr. Fick, watter bladsy is dit?

MNR. FICK : 5 821.

HOF : Dit is nie in volume 116 nie. Dit is eker in die volgende een. Probeer 117.

MNR. FICK : Dit is 117, ek is jammer. 5 821. Ek wil dit aan u stel dat daar is gestel dat 'n dame het gedurende die vergadering aan die gehoor voorgestel dat die nagemmers moet na die raadskantore gedra word uit protes teen die stelsel, maar sy het voorgestel dit moet eers die volgende dag gebeur. (10) -- Sy het gesê dat dit die volgende dag gedoen word, maar die mense by die vergadering het gesê nee, laat dit nou gedoen word.

Ek stel dit aan u dit is nie wat u gesê het nie. Ek het u spesifiek gevra het sy gesê dit moet nou gedoen word of later, toe sê u nee, dadelik.-- Ek sê sy het gesê dat dit gedoen moet word, dat die mense in beheer kan besef hierdie ding hoe ernstig dit was, maar dit moet eers more gedoen word. Toe sê die mense daar in 'n groot geraas dat hulle saamstem en dit moet nou gedoen word. Hulle gaan dit nou (20) doen.

Nou het ek 'n ander probleem met u getuienis. Daar is gestel dat die jeugdiges wat u ontken op die vergadering was, hulle was ongeduldig en toe het hulle besluit hulle gaan dit dadelik doen en toe het hulle die emmers gaan uitgooi? -- Ek sê die jeugdiges het daar buite gestaan.

En het u in u verklaring gesê, die verklaring wat u getuienis van aflewer dat die bestuur van DUCA het hierdie mense probeer keer, maar hulle kon dit nie regkry nie? -- Bedoel u die verklaring wat ek gemaak het waarvan ons nou (30)

net/...

net van gepraat het hier?

Die verklaring wat u getuienis van af gegee het? -- Ja, ek het nou net gesê dat hulle dit probeer het. Byvoorbeeld 'n persoon wat heel voor is, net soos ons nou hier sit, sal nie in staat wees om 'n persoon te keer wat heel agter sommer daar by die deur wil omdraai en uitloop nie.

Die verklaring wat u aan die prokureur of aan die advokaat gemaak het, het u dit gesê dat DUCA se bestuur het hierdie mense probeer keer, maar hulle kon dit nie regkry nie? -- Nee, dit was nie vir my gevra nie. (10)

Wat was die motivering van die mense op hierdie vergadering hoekom doen hulle dit? Wat wil hulle bewys? -- Hulle sou gehad het dat hulle grieë bekend moet word.

Maar is die grieë nie al vir jare bekend volgens u getuienis nie? -- Ja, dit is so. Dit was jare gewees dat dit bekend was, maar as 'n skoen jou brand, sal dit jou brand totdat jy eendag kwaad word.

Behalwe hierdie vergadering wat u nou oor getuig het in Februarie 1985, is daar in Februarie of Maart 1985 enige ander vergaderings van DUCA gehou, massa vergaderings? (20)

HOF : Laat ek net duidelikheid kry voordat u hierdie vraag vra. Op 18 Februarie 1985 is een Lucky Mkhwanazi doodgeskiet het u vir ons vertel. -- Ja.

Is hy geskiet in die omgewing van die raadskantore? -- Nee, hy was in die nabijheid van die koopsentrum by die winkels wat ver geleë is vanaf die kantore.

MNR. FICK : Nou die vraag, behalwe hierdie massa vergadering wat DUCA gehou het in Februarie 1985 het hulle enige ander vergaderings in Februarie of Maart 1985 in Duduza gehou? -- Nee, daar was nie. (30)

Dan/...

Dan wil ek vir u vra, by hierdie vergadering waar die besluit oor die nagemmers bereik is, is daar nie ander besluite ook geneem nie? -- Nee, daar was nie ander besluite gewees nie, want daar het toe probleme begin in die woonbuurt.

Voor die mense daar uitgestorm het uit hierdie vergadering uit, was daar enige mense wat hulle uitgespreek het teenoor die raadslede? -- Nie by hierdie vergadering nie.

HOF : Is dit by ander vergaderings gedoen? -- Ja, by die begrafnis van Mchunu was raadslid Moloi teenwoordig. Daar is sekere mense wat hom daar by die vergadering gesê het (10) dat hy moet ophou waarmee hy besig was.

MNR. FICK : Ons sal daarby kom as ons by hierdie begrafnis kom, maar waarom ek vir u vra, in BEWYSSTUK AAC55, dit is 'n SASPU National van Maart 1985 op bladsy 5 volume 2 die eerste kolom onder die foto van die mense wat so hardloop is daar 'n opschrift "Duduza kicks the bucket and battles with the bolt." -- Nee, dit was 'n Sondagmiddag gewees. Nie een van die raadsmense was daar nie.

Ek het nog niks gevra nie. Ek wil net nog hê u moet kyk na die berig. -- Ja, ek sien dit. (20)

As u na die eerste kolom kyk, die vierde paragraaf van die eerste kolom onder daardie eerste opschrift staan daar "As a mass meeting the Duduza civic association people demanded the resignation of the community councillors who had failed to solve these problems." -- Nee, ek onthou nie dat dit by 'n vergadering gesê was nie. Ek onthou dat dit wel gesê was, ja, maar by 'n begrafnis en dit was direk aan daardie persoon gesê aan wie dit bedoel was, want hy was self daar gewees.

Volgens u getuienis was daar net die een vergadering (30)

van/...

van DUCA gehou in Maart, in Februarie 1985 en hierdie koerant is uitgegee in Maart 1985 en daarvolgens kan dit net op hierdie vergadering was wat dit besluit is? -- Nee, ek het nie daarvan geweet nie, want ek was nie by daardie vergadering nie.

Nee, ek stel aan u dit was by die vergadering waar u was? -- Nee, ek onthou nie dat daar by hierdie vergadering so iets gesê was nie. Ek kan wel sê dat by die begrafnis was dit aan die persoon gesê wat daar teenwoordig was.

Dan wil ek met u oorgaan na die sogenaamde student parent committee. U het getuig u was op 3 November 1984 teenwoordig met die stigting van hierdie komitee? -- Ja, ek was.

En is dit ook reg, dit was al wat u persoonlik weet van hierdie komitee. Die res is wat vir u vertel is? -- Ja, ek stem saam dat ek gesê was want in die huis het ek saam met die persoon gewoon wat in die komitee gedien het.

Nou het ek 'n probleem met u getuienis dat u by was met die stigting van die student parent komitee op 3 November 1984. Die verdediging het gestel hierdie komitee is in Oktober 1984 al gestig? -- Dit kan wees dat ek fouteer en sê dit was Novembermaand in plaas van Oktobermaand, maar sover as wat ek kan onthou plaas ek dit met hierdie begrafnis van Mchunu, want na die verkiesing van die komitee was dit die begrafnis van Mchunu. Dit wil sê die volgende dag.

Die stelling dat die student parent komitee in Oktober 1984 gestig is, verskyn op bladsy 5 817. Ek is nou net nie seker of volume 116 reg is nie, maar dit is bladsy 5 817.

HOF : 117.

MNR. FICK : Is dit nie so nie dat as u hierdie probleme wat/...

wat die kinders in die skole ondervind het wou oplos, kon u net in plaas van om hierdie student parent komitee te kies, die bestaande skoolkomitee uitgestem het en dan daar ingegaan het en dan kon u ook nog met die inspekteur en ook nog met die skoliere en ook nog met die skoolhoof en met die onderwysers onderhandel het? -- Ek dink ek het alreeds verduidelik dat die rede hoekom hierdie komitee gestig was was omdat ons kinders nie meer skool toe gegaan het nie en die skoolkomitee wat bestaan het, het geen aandag gegee aan hierdie probleme nie en daar was alreeds hierdie tipe (10) komitee gestig by ander plekke, naamlik die student parent komitee. Dit was die rede dat die komitee gestig moes word.

Met u getuienis dat u sê dat die kinders het nie skool toe gegaan toe hierdie komitee gestig is nie, het ek ook probleme. U het twee weergawes daar. Aanvanklik het u gesê die kinders het teruggegaan na die skole en toe stig julle hierdie komitee. Later sê u die boikot was aan die gang gewees, toe stig julle hierdie komitee. Wat is nou die waarheid? -- Maar ek het vroeër gesê dit was kort na die kinders die boikot gelos het en teruggegaan het skool toe (20) met die stigting van hierdie komitee en ek het ook gesê dat die wegblý van kinders van die skool af, was 'n ding wat baie-maal gebeur het daar op verskillende geleenthede.

U het in u hoofgetuienis ook gesê dat die kinders het julle in die stigting van hierdie parents komitee ingestoot. U het die woord "push" gebruik. Hoe het hulle dit gedoen? -- Dit was nie 'n stoot gewees nie. Hulle het ons gevra en gesê dat die ander plekke het alreeds hierdie komitee gestig en baie plekke het dit al gestig. Dus word daar 'n versoek aan ons gerig om hierdie komitee te stig sodat ons ook by die (30)

hoof/...

hoof komitee kan uitkom en dit ontmoet soos die ander komitees te Johannesburg.

HOF : Wat is die hoof komitee? -- Dit was 'n hoof komitee van die student parent komitee. Die persoon is nou in aanhouding. Ek ken hom. Hulle het by ons daar gekom na die komitee gestig was om die besturende komitee te kom ontmoet.

Wie is dit nou? Vusi Khanyile.

Was daar 'n sentrale komitee en was daar 'n sub-komitee? -- Ja, die lokasies was sub-komitees gewees in die sin dat (10) hulle die probleme na hom toe geneem het dat daar vergader moet word by hom waar die probleme bespreek moet word.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Die mnr. Vusi Khanyile, hoe lyk hy? Wie is hy? -- Ek ken hom nie persoonlik nie. Ek het hom nie gesien nie. Ek kan hom nie beskryf nie, behalwe dat ek vir die hof kan sê dat ek sy naam in die briewe wat hy geskryf het gesien het. Dit is die briewe waarin hy hierdie plaaslike komitees genooi het om by hom te kom.

MNR. FICK : As wat teken hy die briewe? As voorsitter, as sekretaris van wat? -- Dat hy die voorsitter is van die (20) komitee.

Wat het hy geskryf daar op die briewe? Sekretaris, voorsitter? -- As voorsitter het hy geskryf.

En die ander komiteelede, weet u wie is hulle? -- Ek weet nie wie hulle is nie, want ek was nie by die komitee gewees nie.

Die kinders wat julle gevra het om hierdie student parent komitee te stig, is dit nou die kinders van COSAS of die kinders van waar? -- Dit was al die skoliere, die studente daar.

HOF : Hulle het seker nie almal op die stoep gekom nie? (30)

Nee/...

-- Nee, nie by my huis nie, maar die vergadering was in 'n kerkgebou gehou.

MNR. PICK : Wanneer was die vergadering gehou? -- Dit was op die 3de van dieselfde maand waarvan ons gepraat het toe ek praat van November en u praat van Oktober, want na daardie dag van die vergadering, die volgende dag het ons toe begrafnis toe geaan.

Die skoliere wat daar was by die kerk - laat ek eers so vasstel. Was u ook by die kerk? -- Dit was 'n kerksaal gewees, nie 'n kerk nie. (10)

Was u ook by die kerksaal gewees? -- Ja, ek was daar gewees tydens die verkiesing van die lede van die komitee.

Wie het hierdie vergadering belê by die kerksaal? -- Die skoliere wat die overs versoek het om deel te neem aan hierdie komitee het gaan vra vir die plek as 'n vergaderplek. Hierdie plek wat ek na verwys as 'n kerksaal is eintlik 'n kerkgebou. Daar word nie kerk gehou in daardie gebou nie. Dit is net 'n kerkgebou met 'n kruis buite. Ons gebruik dit gewoonlik vir die begrafnisse.

Was u dogter ook daar? Patricia? -- Ja. (20)

Van die ander mense wat saam met haar op die bestuur van COSAS was, het u hulle geken of hulle gesien by u huis as hulle altyd daar kom? -- Hulle het daar gekom. As hulle daar gekom het gaan sy saam met hulle na die dinge wat hulle wil gaan doen.

Die ander bestuurslede van COSAS, was hulle almal by hierdie vergadering in die saal? -- Ek sal nie kan sê nie, want ek ken nie al die lede van COSAS nie. Ek is nie 'n skolier nie.

Nee, die lede van die bestuur wat u ken van COSAS wat (30)

daar/...

daar by u huis gekom het, was hulle almal ook daar by die vergadering? -- Ja, hulle was.

En het hierdie mense wat jy ken as die bestuurslede van COSAS voorgegaan in die vergadering? Het hulle 'n leidende rol gespeel in die vergadering? -- Dit was presies so gewees. Die volgende persone, die sekretaris van COSAS, die voor-sitter en nog 'n ander persoon, die drie, het daar voor gesit.

HOF : Die sekretaris was u dogter? -- Ja.

En die voorsitter? -- Willie Mazibuko.

(10)

En die derde persoon? -- Dit was 'n meisiekind wie se naam ek nie ken nie.

MNR. FICK : Die voorsitter van COSAS, Willie Mazibuko, was hy die voorsitter van hierdie vergadering ook gewees in hierdie kerksaal? -- Ja.

Hoe het Willie Mazibuko vir julle daar as ouers beduie hoekom moet daar 'n student parent komitee gestig word? -- Hy het, ja. Hy het breedvoerig aan ons verduidelik en gesê dit is 'n bietjie lank wat hulle verwag het dat die ouers iets in hierdie verband sal doen, maar blykbaar het die (20) ouers niks gedoen nie en hy sê toe verder dit het op die ouend gekom dat hulle as kinders nou later besluit het om die ouers te nooi om hierdie aangeleentheid te bespreek want hulle as skoliere besef nou een ding, dat al die plekke het nou so 'n komitee en dit is net daardie area van hulle waar hulle woon waar so 'n komitee nie bestaan nie. Met ander woorde, dit beteken dat hulle nou agter gaan wees en die dinge wat aandag moet geniet waarvoor hierdie komitee benodig word, naamlik die student parent komitee.

Het hierdie Willie Mazibuko aan julle verduidelik as (30)

die/...

die ouers hoe pas hierdie student parent komitee nou in by hierdie ander liggaaam van Vusi Khanyile? -- Ja, hy het gesê. Hy het gesê daar bestaan nou 'n komitee by hierdie distrik van ons en hierdie komitees sal almal bymekaar geroep word, dit is die besturende komitees ook. By Vusi Khanyile sal hulle moet gaan vergader en die voorsitter van hierdie vergadering sal wees hy, Vusi Khanyile.

HOF : Is dit nou vir die distrik? Watter distrik? -- Hy het gepraat van die hele Witwatersrand, die hele Rand, want Vusi Khanyile was eintlik 'n verteenwoordiger van Johannesburg, naamlik Soweto.

MNR. FICK : Het Willie Mazibuko aan julle as ouers verduidelik waarom dit nodig is dat julle moet inskakel by Vusi Khanyile? -- Ja, hy het 'n rede daarvoor gegee.

Was die rede nie so dat die optrede van die student parent komitees dwarsoor die land gekoördineer kan word van een punt af nie? -- Nee, die gaan van hulle na hom toe het nie beteken dat hulle nou daar beheer sal moet word nie, maar dit was om net bymekaar te kom almal van hulle en dan dinge bespreek en korrigeer met samesprekings. (20)

HOF : Bedoel u koördineer? -- Ek bedoel dat hulle bymekaar sou gekom het en die probleme van die verskillende plekke bespreek met mekaar dat hulle dan 'n oplossing kan kry daar waar hulle bymekaar is hoe om dit opgelos te kry.

MNR. FICK : En is die nie ook so gesê vir julle dat daar bymekaar gekom moet word en bespreek moet word by Vusi Khanyile sodat die verskillende student parent committees dieselfde optree met soortgelyke probleme nie? -- Dit is eintlik wat hulle probeer het om te doen, want die klagtes was almal dieselfde by al die plekke. (30)

Daar/...

Daar is ook vir julle gesê dat wat hulle beoog is dat al die studente oor die land met een "united voice" moet optree? -- Dit was miskien so gewees dat hulle so iets probeer het. Soos ek alreeds gesê het, die klagtes was dieselfde gewees. Met die gevolg die oplossing sou 'n mens verwag het dat dit dieselfde manier moet wees wat gevolg word.

Is daar nie ook vir julle gesê by hierdie vergadering dat die idee is dat al die studente landwyd moet saamstaan want hulle weet as al die studente saamstaan met dieselfde(10) eise, dan is dit makliker om die regering om in te gee en toe te gee aan die eise nie? -- My siening van die hele ding was dit was 'n poging gewees om daardie huidige probleme wat bestaan het daar op te los.

Maar sover as wat u vir hof gesê of wat u sover vir die hof gesê het pas nie in by wat u nou sê nie. Dit is nie net om die probleme daar by die skole by u op te los nie. Dit is om al die probleme landwyd op te los by al die skole? -- Dit was 'n poging gewees om al die skole se probleme landwyd op te los in die sin dat die ouderdom wat beperk (20) was, het nie net een skool betrek nie, maar al die skole in die land.

Hierdie student parent komitee wat julle toe gekies het daar in die kerksaal, is dit reg dat hierdie Willie Mazibuko het hierdie student parent komitee se voorsitter ook geword? -- Nee, hy het nie in daardie komitee gedien nie.

Wie was die voorsitter van hierdie student parent komitee? -- My man, mn. Thobela, was die voorsitter.

En u dogter Patricia, was sy op die komitee? -- Nee, sy was nie.

(30)

HOF : Hoekom is dit so dat die voorsitter en die sekretaresse nie een verkies is op die komitee nie? -- Daar was 'n sekretaris gewees vir die student parent committee, naamlik Solomon Mashabane.

Ja, maar waarom is die eintlike leiers nie verkies nie? -- Nee, ek weet nie wat om te antwoord daar nie, want ek weet nie hoekom hulle nie gekies was nie, dat daar ander mense gekies word.

Is hulle voorgestel? -- Nee.

MR BIZOS : Is your lordship's understanding that they (10) were leaders of anything other than COSAS?

COURT : Leaders of the meeting? As a chairman and the secretary at the meeting?

MR BIZOS : Yes.

COURT : What I am saying to the witness is were they not proposed as members of your committee?

MR BIZOS : I see, because I understood the evidence to be that it was ten parents and two students from each school. That it was not a COSAS committee. Although COSAS (Court intervenes) (20)

COURT : At least each of them must have been at school.

MR BIZOS : I do not know.

COURT : This Willie Mazibuko was he a school student? -- Yes, he was.

MNR. FICK : In matriek saam met u dogter? -- Ja.

Hierdie student parent committee was hy enigsins verbind met die National Education Crisis Committee? NECC? -- Dit moes so gewees het, want volgens die stigting daarvan sou dit so ver gekom het naamlik dat die verteenwoordigers van Duduza sou ook so ver gekom het. (30)

HOF : Hoe bedoel u? Sou hulle aansluit of wat bedoel u met so ver kom? -- Hulle het saam gewerk. Hulle het almal dieselfde tipe ding gedoen. Eintlik die hoogste gesag van hierdie komitees was die National Education Crisis Committee wat later gekies was na die stigting van die student parent committee.

MNR. FICK : Weet u wat die taak was van die National Education Crisis Committee? -- Nee, ek weet nie, want die komitee van ons van my plek was nog nie daar by daardie komitee gewees nie.

(10)

Weet u wie was die bestuurslede van die National Education Crisis Committee? -- Nee, ek weet nie wie hulle is nie.

Het u al gehoor van die Education Charter? -- Nee, ek het nog nie daarvan gehoor nie.

Is daar nie vir u gesê deur u dogter of enigiemand anders van die skoolkinders dat COSAS is besig om so 'n ding op te stel vir die skool nie? -- Nee, sy het nog nie vir my gesê nie.

Hierdie student parent committee was nou daar gekies is, het hy enige probleme opgelos wat u van weet? -- Ek (20) het dit al vroeër gesê dat net een ding het daar plaasgevind wat opgelos was deur een van die lede, Mrs Irene Matlhodi. Na die kinders met die weg'bly-aksie begin het, het sy met die kinders gaan praat en na sy met die kinders gepraat het, het die kinders teruggekeer skool nie, maar voor hulle nog iets gedoen het, was daar hierdie deurmekaarspul gewees wat toegeneem het daar.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Is dit nie Manthodi nie? -- Nee, Matlhodi, nie Manthodi nie.

Die rekord op bladsy 5 818 is dan verkeerd.

(30)

MNR. FICK/...

MNR. FICK : Laat ons nou by die skoolboikotte kom. U het gesê daar was ook boikotte in die woongebiede rondom Duduza? -- Nee, ek het nie so gesê nie.

HOF : Is dit nie so nie? -- Ek het dit nie persoonlik gesien nie. Ek het dit net in die koerantberige gelees dat dit so gebeur het in KwaThema of Tshakane of oor die radio gehoor. Ek kan nie sê dat dit wel so gebeur het nie. Ek het dit nie self gesien nie.

MNR. FICK : Is dit nie so nie, ek sal nou vir u sê hoekom vra ek u, dat die skoleboikotte het van Tembisa af versprei(10) na skole in Kathlahong, Daveyton, Thokoza, Wattville, Vosloorus en Duduza? --Ek stem saam met u. Volgens die koerantberig wat ek gelees het was dit duidelik gewees dat dit eintlik van ver af gekom het en dan orals toegeneem het.

Maar is dit dan nie so nie dat hierdie boikotte by die skole was nie as gevolg van die probleme by die betrokke skool by Duduza nie, maar dit was boikotte wat van ander plekke af kom waar die skoliere in simpatie met ander skoliere van ander skoliere ook maar boikot nie? -- Ek sal dit nie betwiss nie. Ons kan sê ja, dit was korrek gewees, dat dit(20) uit simpatie was met ander kinders dat die boikotte toegeneem het.

Is dit nie ook so nie dat COSAS en AZASO, maar meer spesifiek COSAS het 'n kampanje gevoer, deelgeneem aan die kampanje teen die grondwet en hulle het toe besluit dat hulle en AZASO sal hulle lede aanraai met 'n boikot by die skole teen hierdie nuwe konstitusie? -- Ek sal nie saam met u stem nie. Ek weet nie van AZASO nie. Daar was nie AZASO in Duduza nie, maar ek kan saam met u stem dat van die dinge gedoen was omdat hulle in simpatie was met ander plekke (30)

van die dinge wat daar plaasgevind het.

Is dit nie dat die studente, die skoliere, die COSAS mense veral, het hulle ouers ingesleep in die stryd wat hulle by die skole gevoer het veral nadat hulle betrokke was in skoolboikotte en aksies van klip gooien teen die polisie en die tipe van dinge en toe is die ouers ingetrek nie? -- Ek weet nie. Ek sal nie daar kan antwoord nie, want ek weet nie daarvan nie. Eksel self was nie getrek nie.

Waarom ek vir u vra, u sien in BEWYSSTUK W21 volume 4 bladsy 8, dit is 'n SASPU Focus van November 1984 die (10) laaste kolom so in die middel van die bladsy die sewende paragraaf, ekskuus die agtste paragraaf, daarso sê hulle dat "Boycotts spread from Tembisa to high schools" wat ek net nou aan u gestel het en dan sê hulle in die volgende paragraaf "As battles moved out of the school grounds, onto the streets, parents began to rally to the support of students and their demands. Parents support for students had been quiet, but as the conflict intensified, parents and workers began to side actively with their children." Is dit nie wat gebeur het ook in Duduza nie? -- Ek sal nie dit kan (20) antwoord nie, want dit praat hier van kinders. Ek is nie 'n kind nie, ek is 'n ouer en tweedens, ons wat ouers is, sou nie die kinders toegelaat het om klippe te gaan gooie nie.

Ons sal later daarby kom, maar net een vraag daaroor. In Duduza het die kinders klippe gegooi. Is dit reg? -- Ja, ek het daarvan gehoor dat die kinders gedurende die dag, terwyl ons nie tuis was nie werk toe is en klippe gegooi het.

Julle student parent komitee, het julle dit ondersoek en het julle iets daaromtrent gedoen? -- Ek sal dit nie (30)

breedvoerig/...

breedvoerig kan verduidelik nie, maar wat ek wel kan sê is dat mev. Matlhodi wat altyd tuis was is die persoon wat meer te doen gehad het met die kinders. Ek was nie 'n lid van die komitee gewees nie.

Dan 'n ander aspek, die onderwyseres, mev. Thwala, wat ontslaan is, kan u bevestig dat sy ontslaan is weens wan gedrag? Sy het geweier om opdragte van die skoolhoof uit te voer en toe het hy nie ander keuse gehad om haar af te dank nie? -- Ek betwis dit nie, want hulle was by die skool gewees. Ek was nie daar nie. Miskien het dit wel so (10) gebeur. Ek weet nie.

Ek wil nou met u gaan na die begrafnis van 4 November 1984. Dit is die begrafnis van Douglas Mchunu. Is dit reg hy was 'n ampsdraer van FOSATU gewees? -- Hy was 'n "shop steward" by die fabriek. Hy het onder FOSATU gedien.

By hierdie begrafnis was daar ook mense gewees wat toesprake gemaak het. Is dit reg? -- Ja.

Die mense het ook namens ander vakbonde gepraat en ander organisasies? -- Hulle het namens die vakbonde toesprake gelewer. (20)

Hoe is hierdie man oorlede. Is hy aan natuurlike oorsake oorlede of hoe is hy oorlede? -- Hulle het 'n vergadering bygewoon by die vakbond wat te Wilgerspruit gehou was. Daar is 'n dam daar waarin hy verdrink het.

Is dit korrek daar was ook COSAS baniere op hierdie begrafnis vertoon deur die plaaslike COSAS tak? --Ja, daar was.

En u dogter as 'n ampsdraer van COSAS was ook op die vergadering - op die begrafnis gewees? -- Nee, sy kon dit nie bywoon nie. (30)

Daar/...

Daar was baie, baie mense gewees, jeugdiges met COSAS T-hempies by die begrafnis. Is dit reg? -- Ja, daar was van hulle. Selfs die vakbondmense het T-hemde aangehad van die vakbond.

Het u die kis self die betrokke dag gesien of nie? -- Ek het dit definitief gesien, want ek het naby die kis gesit toe die kis nog in die kerk was.

En daarna - laat ek u so vra. Is u eerste by die kerk uit en toe het hulle die kis gevat of is die kis eers uit en daarna is u uit? -- Eers die kis en dan kom ons agterna.(10)

So, as u voor gesit het, is u een van die laastes wat uitgegaan het? -- Ja.

Wanneer het u die kis weer gesien die dag? -- By die saal.

Was julle eers in die kerk, toe in die saal en toe na die begraafplaas? -- Ja.

Waar was die kis? Was hy in die saal toe jy hom gesien het? -- Ja.

Wat was die idee van die verrigtinge by die saal? Is dit nou iets anders as 'n begrafnisdiens in die kerk of wat (20) is die idee? -- Dit was iets anders gewees. Die Anglikaanse Kerk, as daar 'n begrafnis is, word daar net gedoen wat te doen het met die kerkgebou tydens die diens van die begrafnis. Daarvandaan is ons toe na die saal toe. By die saal was dit dan die vakbonde se verrigtinge wat daar gedoen was.

Was dit maar in wese 'n politieke vergadering? -- Nee, dit weet ek nie.

U was dan daar? -- Ja, ek was daar. Ek weet nie van hierdie politieke aard waarvan u praat nie, want die mense wat toesprake daar gemaak het, is mense wat oor hom beheer gehad(30)

het/...

het en mense wat saam met ons gewerk het..

Wie het beheer gehad oor die verrigtinge in die saal? --
Die ouoriteite van FOSATU, mense in beheer van FOSATU was
daar.

En is ek reg as ek sê die mense het nie net oor die
oorledene gepraat nie, hulle het gepraat oor die stryd ook
wat hulle voer in die land, die workers se probleme, die
studente se probleme namens COSAS en die tipe van ding? --
Ek is nie in staat om daarop 'n antwoord te gee op die verdere
stelling wat gemaak word nie, want as 'n werker oorlede is, (10)
gaan die toesprake daar oor die werker wat oorlede is.

HOF : Die vraag is of hulle net gepraat het oor die werker
wat oorlede is en of hulle ook oor meer gepraat het, die
land se politiek byvoorbeeld? -- Dit is vir my 'n baie moeilike
vraag, maar ek sal dit so antwoord. Hier word gepraat van
'n werker wat oorlede is en tydens die toesprake wie ook al
besig is met 'n toespraak oor hierdie werker wat oorlede is,
sal in sy toespraak natuurlik melding maak van ander mense
wat ook oorlede is wat lede was van heirdie vakbond of van
die workers se unie. So, dit is vir my moeilik om vir u (20)
te kan sê of dit nou genoem was in 'n politieke toestand of
net genoem is terwyl die persoon praat.

MNR. FICK : In elk geval, dit is tydens hierdie verrigtinge
by die saal wat iemand vir die heer Moloi gesê het hy moet
nou bedank as 'n raadslid? -- Dit het nie plaasgevind binne
waar die toesprake plaasgevind het waar die kis gehou was
in daardie saal nie. Net buite die saal vind 'n portaal
soortgelyk aan hierdie een buite die hofsaal. Die enigste
verskil is dat daardie een daar het nie stoele nie. Hierdie
sien ek het bankstoele. Dit is waar hierdie gesprek plaasgevind
(30) het/...

het tussen Moloi en iemand wat vir hom gesê het hy moet bedank.

Kan ek u so vra, dan stap ek af van hierdie onderwerp af. Het enigiemand daar op hierdie of by hierdie verrigtinge in die saal gepraat oor die swartmense se probleme wat hulle ondervind? -- Ja, probleme wat gemeld is daar is probleme wat mense ondervind by die werksplek (shop floor).

Het daar iemand van COSAS gepraat in die saal? -- Nee, geen student was toegelaat om enigiets te sê nie daar oor COSAS nie.

(10)

Enigiemand van Duduza Civic Association DUCA wat daar gepraat het in die saal? -- Ja, beide het gepraat, 'n lid van die student parent committee en 'n lid van die civic het gepraat.

Het die lid van die civic association DUCA verwys na die probleme wat julle as inwoners in Duduza het? -- Ek sal dit nie kan antwoord nie, want ek sal dit nie meer in my gedagte kan kry nie, maar wat ek wel kan sê is dat ek onthou omdat ek meer aandag hieraan gegee het dat hulle gepraat het van die simpatie teenoor die gesin van die oorledene (20) en ook melding gemaak van die manier waarop hy sy dood raakgeloop het.

Kan u nie onthou wat die lid van die student parent committee gesê het nie. Is dit reg? -- Hy het die simpatie oorgedra aan sy vrou, kinders en die familielede van die oorledene.

HOF VERDAAG TOT 16 MAART 1988.

DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989

PUBLISHER:

Publisher:- Historical Papers, The University of the Witwatersrand

Location:- Johannesburg

©2009

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

DOCUMENT DETAILS:

Document ID:- AK2117-I2-33-366

Document Title:- Vol 366 p 21056-21118. Witness: Thobela